Smilodon

in Wikipedia, die vrye ensiklopedie

Smilodon is ’n uitgestorwe genus Katagtiges van die subfamilie Machairodontinae. Dit is waarskynlik die bekendste sabeltandkat en het tydens die Pleistoseen-epog (2,5 miljoen tot 10 000 jaar gelede) in die Amerikas voorgekom. Drie spesies van die genus is bekend en hulle verskil in grootte en bou.

Smilodon was sterker gebou as enige moderne kat, maar veral sy voorste ledemate was goed ontwikkel en sy boonste slagtande besonder lank. Sy kakebeen kon groter oopmaak as moderne katte s’n en hy kon dus groot plantvretende diere soos bisons en kamele vang.

Die dier het waarskynlik in geslote habitats, soos woude en bosagtige dele, voorgekom en hy sou dus sy prooi kon voorlê. Sy afhanklikheid van groot prooi kon daartoe gelei het dat hy uitgesterf het – min of meer in die tyd toe die megafauna in Noord- en Suid-Amerika verdwyn het, sowat 10 000 jaar gelede. Wetenskaplikes is nie seker of die diere alleen of in groepe voorgekom het nie – ’n ontleding van die gedrag van moderne roofdiere sowel as van *Smilodon*-fossiele steun albei teorieë.

Inhoud

Naam

Klassifikasie

Spesies

Verwysings

Eksterne skakels

Naam

Die bynaam "sabeltandkat" verwys na die besonder lang boonste slagtande. Die dier word soms die "sabeltandtier" genoem, maar is glad nie naby aan ’n tier (of enige oorlewende Katagtige) verwant nie; die tier is van die subfamilie Pantherinae, terwyl *Smilodon* tot die subfamilie Machairodontinae behoort.

Die naam *Smilodon* kom uit Grieks: σμίλη (*smilē*), "vleismes"[1] en ὀδούς (*odoús*), "tand" (met die stam *odont-*, soos gesien kan word in die genitiewe vorm, ὀδόντος, *odóntos*).[2]

Klassifikasie

Die genusnaam *Smilodon* is in 1842 geskep deur die Deense naturalis en paleontoloog Peter Wilhelm Lund. Hy het die fossiele van *Smilodon populator* in grotte naby ’n dorpie in Brasilië ontdek.[3] Dit word saam met verskeie spesies sabeltandkatte in die subfamilie Machairodontinae, in die familie Felidae, geklassifiseer.

Smilodon

Tydperk: Pleistoseen – vroeë Holoseen, 2.5–0.01 m. jaar gelede

Pre Є Є O S D C P T J K PgN

’n Voorstelling van *Smilodon fatalis* in Londen, Brittanje.

Wetenskaplike klassifikasie

Koninkryk:	Animalia
Filum:	Chordata
Klas:	Mammalia
Orde:	Carnivora
Familie:	Felidae
Subfamilie:	†Machairodontinae
Tribus:	†Smilodontini
Genus:	†***Smilodon*** Lund, 1841

Spesies

- *S. populator* Lund, 1842
- *S. fatalis* Leidy, 1869
- *S. gracilis* Cope, 1880

'n Opsomming van die *Smilodon fatalis*.

Volgens 'n ou DNS-toets moes *Smilodon* saam met moderne katte (subfamilie Felinae) geklassifiseer word,[4] maar 'n studie in 2005 het daarop gedui dat *Smilodon* tot 'n ander lyn van Felidae behoort.[5]

'n Ander studie in die volgende jaar het dit bevestig en getoon die Machairodontinae het vroeër van die voorsate van moderne katte afgeskei en dat hulle nie naby verwant is aan enige lewende katspesie nie.[6]

Spesies

Hoewel 'n paar *Smilodon*-spesies al beskryf is, word net drie vandag erken:[7]

'n Skelet van *S. fatalis*.

- *Smilodon gracilis*, 2,5 miljoen tot 500 000 jaar gelede; die kleinste en vroegste spesie en het waarskynlik 55 tot 100 kg geweeg[8] Dit het vermoedelik in Noord-Amerika uit die *Megantereon* ontwikkel en vroeg in die Pleistoseen sy verskyning in Suid-Amerika gemaak.[9] Die ander *Smilodon*-spesies het waarskynlik uit dié spesie ontwikkel.
- *Smilodon fatalis*, 1,6 miljoen tot 10 000 jaar gelede; het die *S. gracilis* in Noord-Amerika vervang en daarna na westelike Suid-Amerika verskuif.[10] Sy grootte was tussen dié van die ander twee spesies:[7] met 'n gewig van tussen 160 en 280 kg,[8] 'n skouerhoogte van 100 cm en 'n lengte van 175 cm.[11]
- *Smilodon populator*, 1 miljoen tot 10 000 jaar gelede; het voorgekom in die oostelike dele van Suid-Amerika en was die grootste van die drie spesies.[12] Dit is dalk die grootste bekende Katagtige, met 'n gewig van tussen 220 en 400 kg.[8][13] Dit was by sy skouers 120 cm hoog.[7]

Verwysings

1. σμίλη (http://www.perseus.tufts.edu/hopper/text?doc=Perseus%3Atext%3A1999.04.0057%3Aentry%3Dsmi%2Flh), Henry George Liddell, Robert Scott, *A Greek-English Lexicon*, op Perseus
2. ὀδούς (http://www.perseus.tufts.edu/hopper/text?doc=Perseus%3Atext%3A1999.04.0057%3Aentry%3Do%29dou%2Fs), Henry George Liddell, Robert Scott, *A Greek-English Lexicon*, op Perseus
3. Ascanio, D.; Rincón R. (2006). "A first record of the Pleistocene saber-toothed cat *Smilodon populator* Lund, 1842 (Carnivora: Felidae: Machairodontinae) from Venezuela (http://www.scielo.org.ar/scielo.php?pid=s0002-70142006000200018&script=sci_arttext)". *Asociación Paleontologica Argentina* **43** (2).
4. Janczewski, D. N.; Yuhki, N.; Gilbert, D. A.; Jefferson, G. T.; O'Brien, S. J. (1992). "Molecular phylogenetic inference from saber-toothed cat fossils of Rancho La Brea". Proceedings of the National Academy of Sciences 89 (20): 9769. doi:10.1073/pnas.89.20.9769
5. Barnett, R (2005). "Evolution of the extinct Sabretooths and the American cheetah-like cat". *Current Biology* **15** (15): R589–R590. doi:10.1016/j.cub.2005.07.052 (https://dx.doi.org/10.1016/j.cub.2005.07.052).
6. van den Hoek Ostende, L. W.; Morlo, M.; Nagel, D. (2006). "Majestic killers: the sabre-toothed cats (Fossils explained 52)". *Geology Today* **22** (4): 150–157. doi:10.1111/j.1365-2451.2006.00572.x (https://dx.doi.org/10.1111/j.1365-2451.2006.00572.x).
7. Turner, A.; Antón, M. (1997). *The Big Cats and Their Fossil Relatives: An Illustrated Guide to Their Evolution and Natural History* (http://google.com/books?id=lUB9l01-v04C&printsec=frontcover). Columbia University Press. pp. 57–58, 67–68. ISBN 978-0-231-10229-2. OCLC 34283113 (https://www.worldcat.org/oclc/34283113).
8. Christiansen, P. (2005). "Body Size of *Smilodon* (Mammalia: Felidae) (http://www3.interscience.wiley.com/cgi-bin/abstract/112126332)". *Journal of Morphology* **266** (3): 369–384. doi:10.1002/jmor.10384 (https://dx.doi.org/10.1002/jmor.10384).
9. Rincón, A.; Prevosti, F.; Parra, G. (2011). "New saber-toothed cat records (Felidae: Machairodontinae) for the Pleistocene of Venezuela, and the Great American Biotic Interchange". *Journal of Vertebrate Paleontology* **31** (2): 468– 478. doi:10.1080/02724634.2011.550366 (https://dx.doi.org/10.1080/02724634.2011.550366).
10. Kurten, B.; Werdelinb, L. (1990). "Relationships between North and South American *Smilodon*". *Journal of Vertebrate Paleontology* **10** (2): 158–169.

doi:10.1080/02724634.1990.10011804 (https://dx.doi.org/10.1080/02724634.1990.10011804).
11. "Saber-Toothed Cat, *Smilodon fatalis*" (http://library.sandiegozoo.org/factsheets/_extinct/smilodon/smilodon.htm#physical). San Diego Zoo Global. Januarie 2009. Besoek op 2013-05-07.
12. Mariela Cordeiro de Castro, Max Cardoso Langer (2008). "New postcranial remains of *Smilodon populator* Lund, 1842 from South-Central Brazil (http://www.sbpbrasil.org/revista/edicoes/11_3/castro.pdf)". *Revista Brasileira de Paleontologia* **11** (3): 199–206. doi:10.4072/rbp.2008.3.06 (https://dx.doi.org/10.4072/rbp.2008.3.06).
13. Sorkin, B. (2008-04-10). "A biomechanical constraint on body mass in terrestrial mammalian predators (http://onlinelibrary.wiley.com/resolve/doi?DOI=10.1111/j.1502-3931.2007.00091.x)". *Lethaia* **41** (4): 333–347. doi:10.1111/j.1502-3931.2007.00091.x (https://dx.doi.org/10.1111/j.1502-3931.2007.00091.x). Besoek op 2011-08-02.

Eksterne skakels

- 'n Artikel by bluelion.org (http://web.archive.org/web/20130608061230/http://www.bluelion.org/smilodon.htm)
-
- Wikimedia Commons het meer media in die kategorie Smilodon.
- Wikispecies het meer inligting verwant aan: Smilodon
- Hierdie artikel is vertaal uit die Engelse Wikipedia

Taksondatabasisse	Wd: Q188717 · EoL: 4443389 (https://eol.org/pages/4443389) · Fossilworks: 41079 (http://fossilworks.org/bridge.pl?a=taxonInfo&taxon_no=41079) · GBIF: 3240061 (https://www.gbif.org/species/3240061) · iNaturalist: 317779 (https://www.inaturalist.org/taxa/317779) · NCBI: 13265 (https://www.ncbi.nlm.nih.gov/Taxonomy/Browser/wwwtax.cgi?mode=Info&id=13265)

Ontsluit van "https://af.wikipedia.org/w/index.php?title=Smilodon&oldid=1892542"

Die bladsy is laas op 17 Januarie 2019 om 21:40 bygewerk.

Die teks is beskikbaar onder die lisensie Creative Commons Erkenning-Insgelyks Deel. Aanvullende voorwaardes kan moontlik ook van toepassing wees. Sien die Algemene Voorwaardes vir meer inligting.